

AFDELING B.KRITIESE STUDIE VAN DIE HUIDIGE LEERPLAN.HOOFSTUK I: ALGEMENE UITEENSETTING EN BESPREKING.

1. Inleiding.
2. Toelatingsvoorwaardes.
 - (a) Vereistes.
 - (b) Keuring.
3. Leerplan.
 - (a) Sertifikate.
 - (i) P.T.S.
 - (ii) J.T.S.
 - (iii) N.A.S.
 - (b) Skoolrooster-ontleding.

HOOFSTUK II: KORRELASIE.

1. Inleiding.
2. Probleemstelling.
3. Oplossing.
4. Samevatting.

HOOFSTUK III: AANSLUITING EN ADMINISTRASIE.

1. Inleiding.
2. Laerskool-leerplan.
 - (a) Hande-arbeid.
 - (b) Feroepsvoorligting.
 - (c) Gevolgtrekkinge en probleemstelling.
3. Oplossing.

HOOFSTUK L.ALGEMENE UITEENSETTING EN BESPREKING:1. Inleiding.

By die kritiese studie van die huidige leerplan van die Hoër Tegniiese Skole in Transvaal sal eers 'n algemene uiteensetting en bespreking gegee word om aan te toon hoe die verskillende ambagte en vakke vir die verskillende sertifikate gekies word, en hoe die keuse van die vakke beperk word deur non-eksamenvakke en ontbrekende fasiliteite. In die volgende twee hoofstukke sal ingegaan word op die probleme van korrelasie tussen die werkswinkel en die skoolafdeling en van aansluiting tussen die laerskool en die Hoër Tegniiese Skool.

Toelatingsvoorwaardes. (a) Vereistes.

Die toelatingsvoorwaardes tot die Hoër Tegniiese Skool word gevind op die departementele Vorm U.F. 12 en U.F. 48, wat deur die ouers of voogde van die applikante ingevul moet word. Die vernaamste kwalifikasies wat vereis word, is dat die apollikant in besit moet wees van ten minste die std. VI-sertifikaat, tenminste 14 jaar oud moet wees maar nie ouer as 18 jaar nie en deur 'n ver-¹⁾reënsheer medies geskik bevind moet word.

Hoekom std. VI as die laagste standerd vir toelating tot die tegniiese opleiding gestel word, word in Afdeling C, hoofstuk I(b), nader omskryf. Die rede vir die ouderdombeperkings is dat die leerling onder 14 jaar gewoonlik nie fisiek geskik bevind word vir harde hande-
arbeid nie, en as hy bo 18 jaar is, sal hy binne drie jaar (die duur van die kursus) mondig wees, wanneer die

1) Vgl. ook "Regulasies opgestel kragtens Wet No. 29 van 1928, no. 344."

skool dan 'n houvas op die leerling verloor, en tweedens is hy dan ook al te oud vir sy verdere vakleerlingskap. Want die doel van die inrigting is 'n voorvakleerlingskap voorbereiding, en die leerling is by verlating van die skool nie 'n volslae ambagsman nie maar word ingeskrif as vakleerling by sy werkgewer as hy nie selfstandig gaan werk nie (vgl. hieroor Afdeling C., hoofstuk I(b)). As die leerling egter in besit is van die std. VI-sertifikaat maar nog nie 14 jaar oud is nie, hoewel fisiek en medies geskik vir 'n tegniese opleiding, kan hy by wyse van uitsondering tog toegelaat word op grond van die eersgenoemde kwalifikasie, wat deurslaggewend is. Die aanbeveling berus by die Prinsipaal met toestemming van die Departement.¹⁾ Die onderrig word nie gratis verskaf nie, hoewel die Departement hier baie tegemoetkoment is en leerlinge van behoeftige ouers versoek word om volgens hul finansiële vermoëns by te dra of anders alles gratis kan ontvang. Die ouers se finansiële posisie word vasgestel op die Vorm U.^E.12A. Alle leerlinge word daarenteen vergoed vir hul dienste in die vorm van 'n stel gereedskap by voltooiing van die kursus en verlating van die inrigting.

(b) Keuring.

Die keuse van 'n ambag berus by die seun self, maar soms moet hy berus by 'n tweede of selfs derde keuse as die gekose ambag reeds gevul is. Hier voel ons 'n leemte aan. Die skool bestaan vir die leerling en nie die leerling vir die skool nie. Die leerling moet in so 'n geval liefst aangeraai word om aansoek te doen na 'n skool waar hy in sy voorgenome ambag opgeneem kan word, wat terselfdertyd feitlik geen noemenswaardige komplikasies kan meebring nie, as in die oop gehou word

dat

1) Volgens mnr. Theron, Prinsipaal, Hoër Tegniese

jaarliks 'n baie geringe persentasie van die leerlinge lokaal gewerf word: hulle is meesal almal kosgangers.

Nadat die keuse van 'n ambag gedoen is, ontstaan die vraag inhoeverre die betrokke leerling nou geskik is vir daardie ambag: besit hy die nodige aanleg vir daardie ambag of vir 'n tegniese opleiding. Om hierdie vraag te kan beantwoord moet gebruik gemaak word van beroepstoetse - iets wat nog nie gedoen word nie. Wat wel gedoen word, is dat (op Vorm U.3.99) gegewens omtrent die leerling van die vorige prinsipaal ingewin word; in 2(b) van hierdie vorm word byvoorbeeld ^{inligting} gevra omtrent watter spesiale aanleg die seun toon vir die ambagte wat aan die Tegniese Skool verskaf word. Verder word die eerste ses maande van die kursus gereken as 'n soort proefperiode, wanneer die leerling of geskik bevind word vir 'n verdere opleiding in die ambag, of hy word geïurende die tyd oorgeplaas na een of verskillende ander ambagte of ontslaan, waarvan die Jeugraad dan in kennis gestel word as die leerling nog aan verpligte skoolbezoek onderhewig is.

Die kwessie van beroepsvoorligting speel hier ook 'n groot rol en sal in hoofstuk III bespreek word.

Die kursus strek oor drie jaar, maar die leerling mag ses maande eerder of ses maande later vertrek. Die aanbeveling berus by die Prinsipaal met goedkeuring van die Departement, en hy besluit volgens die bekwaamheid van die leerling tot 'n spoediger uitlasing in 'n belowende werk of oorreed die leerling om langer aan te bly as hy reken dat dit op die oomblik tot sy voordeel sal strek. (Laasgenoemde gebeur selde.)

3. Leerplan.

Daar word nie net 'n ambag geleer nie, maar al

die leerlinge word verplig om die skoolafdeling te besoek, en al die voorgeskrewe vakke moet gevolg word; daar is geen keuse nie. "n Vakleerling het nie voldoende kennis of ervaring om te kan beslis watter studies vir hom noodsaaklik is nie, en hy kan derhalwe nooit toegelaat word om teen watter deel ook van die vasgestelde skema beswaar te maak nie." ¹⁾ Die praktiese en teoretiese werk word ontvang in die verskillende werksinkels verbonde aan die inrigting, onder leiding van bekwame en gekwalifiseerde ambagsmanne. (Vgl. hiervoor Afdeling C., hoofstuk I(c)). Om die praktiese bekwaamheid te toets word die leerlinge onderwerp aan 'n interne eksamen gekontroleer deur die Departement, terwyl eksamen in die teorie van die ambag op dieselfde wyse as in die geval van die skoolvakke geskied.

Die leerlinge word voorberei vir twee tegniese sertifikate, nl. die Nasionale Tegniese std. VII-Sertifikaat, en daarop volg die Nasionale Junior Tegniese Sertifikaat (Tegnologie) of as alternatief vir laasgenoemde die Nasionale Ambagskool Sertifikaat, wat van 'n laer standaard is, soos netnou sal blyk. Na die Hoër Tegniese Skool word in die laaste jare ook leerlinge getrek met 'n provinsiale std. VIII- of std. IX-sertifikaat. In sulke gevalle kan vrystelling van sekere vakke in die twee tegniese sertifikate verkry word, byvoorbeeld die offisiële Tale, en sulke leerlinge kan dan ook gouer die twee tegniese sertifikate verwerf en word dan verder voorberei in vakke vir die Nasionale Senior Sertifikaat as voorsiening daarvoor op die rooster kan gemaak word, want eintlik skep sulke leerlinge veral 'n probleem by die klasindeling, soos uit die volgende hoofstuk sal blyk.

Behalwe die voorgeskrewe vakke vir hierdie

1) Dr. Fybers: "Social and Industrial Review", bl. 694.

sertifikate word ook op die rooster voorsiening gemaak vir non-eksamenvakke, soos Godsdiensonderrig, Liggaamskultuur, Sang en Burgerleer. Daarnaas bestaan die gewone buitemuurse aktiwiteite, soos kadette, tuinwerk, debatsvereniging, Christen- Studentevereniging, gereelde opvoedkundige film-vertonings, voetbal, krieket, tennis, swem, ens.

(a) Sertifikate.

(1) Die F.T.S.

Vir die Nasionale Tegnie se stl. VII-sertifikaat word vyf vakke verlang; krediet word gegee vir elke vak, en die groep-sertifikaat word gevolglik op die akkumulatiewe basis verkry. Die vakke kan soos volg gekies word:

Groep (I): (a) Eerste Offisiële Taal A (Engels of Afrikaans);
(b) Tweede Offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans) of Frans of Duits of Portugees of een van ses verskillende kalfertale.

Groep (II): Drie vakke uit:

Burgerleer of Geskiedenis of Aardrykskunde;
Tekene; Matesis; Skeikunde of Natuur- en Skeikunde; Ambagsteorie; Werkswinkelpraktyk.

Die tegnie se kursusse geld vir alle tegnie se onderwysinrigtinge, en waar die beter toegeruste Tegnie se Kolleges miskien volle gebruik kan maak van 'n keuse in bestaanle twee Groepe, maak die Hoër Tegnie se Skool weens gebrek aan die nodige fasiliteite die volgende groepering: die twee Offisiële Tale (gewoonlik Afrikaans A en Engels B) Matesis; Wetenskap; Tekene; Ambagsteorie; Werkswinkelpraktyk. Sewe vakke word dus geloseer, terwyl vyf nodig is vir die genoemde sertifikaat; en by die sewe vakke word nog gevoeg Burgerleer, maar dit word gereken as 'n non-eksamenvak. Die invoeging van Burgerleer geskied weens die wenslikheid van die vak as sodanig (sien Afdeling C, hoof-

1) Vgl. "National Technical Examinations Handbook", 1943-5.

stuk II), maar as dit byvoorbeeld as 'n eksamenvak beskou word, kan die vakke soos volg gegroepeer word om die sertifikaat te verwerf: die twee offisiële Tale; Burgerleer; Ambagsteorie en Werkswinkelpraktvk, sonder Tekene, Natuurwetenskap of Matesis, of Ambagsteorie en Werkswinkelpraktvk kan op dieselfde wyse weggelaat word: In die eerste geval word die aanpassing by die Nasionale Junior Tegniese Sertifikaat bemoeilik, terwyl as die tweede gebeur, die seun nooit na dié skool toe moes gekom het nie. As die vakke vir die Nasionale Junior Sertifikaat nou opgenoem word, spreek dit vanself dat as hierdie sertifikaat verwerf wil word, op die werk of vakke van die vorige sertifikaat gebou moet word, soos spoedig sal blyk.

(ii) Die J.T.S.

Net soos die Nasionale Tegniese Sertifikaat kan die Nasionale Junior Sertifikaat behaal word op die akkumulatiewe basis. Ses vakke word vereis, wat soos volg gekies kan word:¹⁾

Groep (I): (a) Eerste Offisiële Taal A (Engels of Afrikaans)
(b) Matesis I.

Groep (II): Tweede Offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans) of Frans of Duits of Portugees of een uit 'n aantal Naturelletale. (Tot en met November 1945 was eksamens in hierdie Groep opsioneel, maar vanaf Junie 1946 het dit verpligtend geword.)

Groep (III): Twee vakke moet hier gekies word as Groep (II) gekies word en drie vakke as Groep (II) nie gekies word nie:

(a) Natuur- en Skeikunde I of Chemie I of Skeikunde I of Geologie I;

(b) Masjientekene of Praktiese Meetkunde;

(c) Praktiese Werk.

1) Sien "National Technical Examinations: Handbook", 1943-5.

Groep (iv): Die Teorie van die gekose ambag.

Ook weer weens gebrek aan die nodige fasiliteite groepeer die Hoër Tegnieese Skool die vakke soos volg: die twee offisiële Tale (gewoonlik Afrikaans A en Engels B); Natuurwetenskap (Natuur- en Skeikunde); Matesis; Praktiese Meetkunde of Masjientekene (as Praktiese Meetkunde gegee word, word Masjientekene nie gegee nie en omgekeerd); Praktiese Werk; Ambagsteorie.

Samevattend is die posisie t.o.v. aansluiting tussen die Nasionale Tegnieese Std. VII-Sertifikaat en die Nasionale Junior Sertifikaat met die oog op die vakke soos gekies in die Hoër Tegnieese Skool soos volg: Vir eersgenoemde sertifikaat word die vakke soos volg gegroepeer: Afrikaans A; Engels B; Matesis; Natuurwetenskap; Tekene; Praktiese Werk; Ambagsteorie; Burgerleer (non-eksamenvak);. Agt vakke word gedoseer, terwyl vyf nodig is vir die sertifikaat. Dit word gedoen omdat genoemde vakke beskou word as noodsaaklik by 'n tegnieese opleiding (vgl. Afdeling C hoofstuk II), en tweedens om die voortsetting na die Nasionale Junior Sertifikaat te vergemaklik. Vir laasgenoemde Sertifikaat word voortgegaan met: Afrikaans A; Engels B; Matesis; Wetenskap; Masjientekene of Praktiese Meetkunde; Praktiese Werk; Ambagsteorie. Sewe vakke word gedoseer, terwyl ses nodig is vir die sertifikaat. Volgens die Handboek word die twee offisiële Tale beskou as verpligtend (eintlik eers vanaf 1946) asook Matesis I en Ambagsteorie. Daarom kan hierdie vier verpligte vakke ook nie weggelaat word by die Nasionale Tegnieese Std. VII-sertifikaat nie, want op daardie werk word voortgebou.

Om die Nasionale Junior Tegnieese Sertifikaat te kan voltooi is nou nog twee vakke nodig wat van Groep (III) gekies kan word uit: Natuurwetenskap; Masjientekene of Praktiese Meetkunde; Praktiese Werk. Vir eksamen-

doeleindes is daar eintlik net 'n keuse tussen Natuurwetenskap en Masjientekene of Praktiese Meetkunde as dit as vanselfsprekend beskou word dat die Praktiese Werk nie kan weggelaat word nie. Ons het gesê vir "eksamendoel-eindes", want eintlik is daar geen keuse nie, daar Natuurwetenskap en Praktiese Meetkunde of Masjientekene as noodsaaklik beskou word by 'n tegniese opleiding (sien Afdeling C, hoofstuk II: "Teorie van die Leerplan").

Hoekom die Praktiese Werk (waarvoor die seun eintlik die kursus volg) nie verpligtend is nie maar Ambagsteorie wel, kan soos volg beredeneer word. Daar moet onthou word dat die tegniese kursusse nie uitsluitlik vir die Hoër Tegniese Skole saamgestel is nie, maar dat die een tegniese kursus op die ander bou en daarby aansluit. Die gevorderde kursusse wat aan die Tegniese Kolleges geloop kan word, beoog meer as net die opleiding van gewone ambagsmanne: die opleiding van toekomstige tegnisi word ten doel gestel, en derhalwe word eerder gesoek na die teorie wat agter die ambagte lê, as na praktiese bedrywenheid in die ambag (vgl. Afdeling C., hoofstuk I(b)).

(iii) Die N.A.S.

Vir die leerling wat net 'n gewone ambagsman gaan bly, word ook voorsiening gemaak deur die samestelling van die Nasionale Ambagskool Sertifikaat wat o.a. Praktiese Werk as 'n vereiste stel. Vir hierdie sertifikaat word vyf vakke geverg, wat soos volg gekies kan word:

- Groep (I): (a) Eerste Offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans);
 of ²⁾ (b) Tweede Offisiële Taal A of B (Engels of

1) Sien National Technical Examinations: Handbook", 1943-5.
 2) Volgens mnr. A.A. Rowan, Eksamenberempte.

Afrikaans);

Groep (II): Werkswinkelpraktyk;

Groep (III): twee vakke Uit:

Masjientekene of Praktiese Meetkunde; Matesis I of Werkswinkelberekeninge I; Natuurwetenskap I of Chemie I of Fisika I;

Groep (iv): Ambagsteorie.

Dit kom nou hierop neer dat die leerling van die Hoër Tegniese Skool se einddoel die verwerwing van die Nasionale Junior Tegniese Sertifikaat is, en na suksesvolle voltooiing sal hy maklik kan aanpas vir verdere studie aan 'n Tegniese Kollege, terwyl hy, as hy net in een offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans), Praktiese Werk, Ambagsteorie en twee vakke uit Groep (iii) slaag, die Nasionale Ambagskool Sertifikaat behaal.

'n Vluggige blik oor die drie leerplanne mag miskien by die oningewyde die mening wek dat daar 'n taamlike keuse van vakke vir elke sertifikaat toegelaat word. As ons egter die saak nader bekyk en die insluiting van die reeds genoemde vakke sowel as die non-eksamenvakke regverdig en die skoolrooster nader bestudeer saam met die ontbrekende fasiliteite soos die nodige personeel, uitrusting, tyd ens., sal dit blyk dat die keuse heelwat beperk word. Die seun kom na die skool om in die eerste plek 'n ambag te leer, en Werkswinkelpraktyk en die meegaande teorie het geen regverdiging nodig nie. Vir sommige is dit so ooglopend dat die wenslikheid of liever noodsaaklikheid van die invoeging van die sogenaamde kulturele vakke in die tegniese kursus nie gesien word nie - dit is en moet immers 'n praktiese opleiding wees! Soos uiteengesit in Afdeling C, hoofstuk II, word die invoeging van hierdie vakke geregverdig; elke seun word versoek om die vakke te bestudeer,

en op die noodsaaklikheid van so'n studie word nadruk ge-
 lê. Die enigste vraag wat sig nou nog voordoën, is, om
 dit in die algemeen te stel, hoeveel tyd aan die eintlike
 praktyk bestee moet word en op hoeveel ure uit die totaal
 die skoolafdeling geregtig is. Hier kan meningsverekil
 bestaan. Daar kan aangevoer word dat die belangrike
 oogmerk van die skool tog is om werkswinkelhandigheid in
 die ambag aan te kweek, en dat die aantal ure wat aan die
 klaskamervakke gewy word, geleidelik moet vermindër tot dat
 die laaste ses of twaalf maande uitsluitlik bestee word
 aan Werkswinkelpraktyk. Hierteenoor leer die ervaring
 dat sommige oningeligte leerlinge na die skool kom om
 uitsluitlik 'n ambag te leer en die meeste van die leer-
 linge eers na twaalf of axtien maande werklik die waarde
 van die skoolbankwerk begin insien. Wanneer die seun die
 skool vir 'n kommersiële werkkring verlaat, is die geleent-
 hede vir minder belangstelling in die klaskamerwerk soveel
 groter as die nodige tyd nie aan die kweking van die regte
 houding daarteenoor bestee is nie.¹⁾ Hier word dan ook
 weer die goue middeveg gevolg, en uit 'n ontleding van
 die skoolroosters sal dit blyk dat die tyd min of meer
 eweredig verdeel word tussen die werkswinkel en die klas-
 kamer.

(b) Skoolrooster-ontleding.

Die werkswcek bestaan uit vyf werksdae van
 Maandag tot Vrydag en elke werkswcek uit 36 uur.²⁾ Daar
 is 70 vakansiedae (behalwe openbare vakansiedae), wat
 tweekeer per jaar, in Julie en in Desember-Januarie, ge-
 reël word. Van die 36 uur word 'n maksimum van 17 uur

1) Horne: "Report: Transvaal Educ. Dept.", 1912, bl. 179.

2) Vgl. Departementele Omsendbrief No. E 214 van 1944.

per week vir die skoolafdeling toegestaan vir elke jaar gedurende die drie jaar en 'n minimum van 19 uur per week vir die werkswinkel. Die werksure word by al drie die Hoër Tegnieese Skole in Transvaal so ingedeel dat gewoonlik elke werksdag verdeel word tussen die skool en die werkswinkel; m.a.w. die leerling gaan nie byvoorbeeld die eerste twee en 'n half dag na skool en die res van die week na die werkswinkel nie - so 'n verdeling van die skoolwerk is natuurlik opvoedkundig nie gesond nie.

Daar is elke dag 'n oggend- en middagssessie, wanneer die leerling of in die oggend op skool is en die namiddag op sy ambag of omgekeerd. Die volgende tabel gee die vakke wat op die skoolroosters van die drie verskillende skole, Potchefstroom (P.), Middelburg (M.) en Wolmaransstad (W.), verskyn, en die tyd per vak per week.

ONTLEDING VAN SKOOLROOSTERS.

VAKKE.	URE PER WEEK PER VAK.			
	1STE JAARS	2DE JAARS	3DE JAARS	
AFRIKAANS	2.05	2.05	2.05	P.
	1.50	2.05	1.55	M.
	2.40	2.40	2.40	W.
ENGELS	2.50	2.50	2.50	P.
	2.40	2.45	2.40	M.
	2.40	2.40	2.40	W.
MATEMATIEK	2.05	2.05	2.05	P.
	2.40	2.35	2.40	M.
	2.40	2.40	2.40	W.
NATUURWETENSKAP	2.15	2.15	2.00	P.
	2.40	2.40	2.40	M.
	2.40	2.40	2.40	W.
TEKENKUNDE	2.50	2.50	2.45	P.
	2.40	2.35	3.00	M.
	2.40	2.40	2.40	W.

Ure per week per vak.				
	1ste Jaars	2de Jaars	3de Jaars.	
BURGERLEER	.35	-	-	P. M. W.
GODSDIENS- ONDERRIG.	.40 .30 .40	.40 .30 .40	.40 .30 .40	P. M. W.
LIGGAAMS- OEFENING.	1.20 1.15 1.20	1.20 1.20 1.20	1.20 1.20 1.20	P. M. W.
KADEPTE	1.00 1.00 -	1.00 1.00 -	1.00 1.00 -	P. M. W.
S A N G	.30	.30	.30	P. M. W.
P O U S E	1.35 .50 1.00	1.35 1.05 1.00	1.35 .55 1.00	P. M. W.
TOTAAL	16.45 17.10 16.20	16.40 17.10 16.20	16.20 17.10 16.20	P. M. W.

Kadette is hier vir Potchefstroom en Middelburg by die totale aantal ure getel, en volgens die genoemde Omsendbrief moet sport en kadette buite die skoolrooster gereël word. Hierdie tyd word egter aangesuiwer deur elke dag 'n paar minute ekstra by te werk. Die skooldag word veronderstel om te strek van 8 vm. tot 4.30 nm. maar Woensdag van 8 vm. tot 3 nm. (die middag word vir sport afgesonder), met een uur vir middagete en 20 minute vir pouse, en laasgenoemde word ingesluit in die vasgestelde 36 uur per week. Die prinsipaal mag egter, na gelang van die omstandighede van iedere skool, die tyd

vasstal wanneer die klasse in die oggeni begin, en wanneer die skool sluit. Die leerling ontvang derhalwe daaglik 7½ uur onderrig (behalwe Woensdae: 6 uur), en daar moet ses uur per week geburende die aande onder toesig aan studie gewy word. Sy program is dus taamlik vol as ook nog onthou word dat Saterdagoggende meesal gevul word deur tuinbou onder toesig. By 'n voltydse tegniese opleiding, soos aan die Hoër Tegniese Skool, word dus meer ure per week verwag as by die gewone onderwys aan die middelbare skool, terwyl die ure per week vir akademiese onderrig weer minder is by eersgenoemde as by laesgenoemde. Volgens die roosters word gemiddeld 12.05 uur per week aan die eksamenvakke (Afrikaans, Engels, Matesis, Natuurwetenskap, Tekene) bestee, wat neerkom op gemiddeld 2.25 uur per week per vak. Daarom is dit dan nie moontlik om binne 'n jaar die vakke vir die Nasionale Tegniese Std. VII-Sertifikaat of Nasionale Junior Tegniese Sertifikaat (behalwe Afrikaans) af te skryf nie en word gewoonlik 18 maande aan elke Sertifikaat bestee of minstens 2½ jaar aan albei, met uitsondering van die leerlinge wat by toelating reeds 'n std. VIII- of std. IX-sertifikaat besit en vrystelling van sekere vakke verkry, soos reeds vermeld. (bl. 76.)

Wat die onderwysmetode betref, kom ons hier by 'n kardinale vraagstuk, wat in die volgende hoofstuk bespreek word.

HOOFSTUK II.KORRELASIE.1. Inleiding.

In bykans elke Jaarverslag van die Sekretaris van Onderwys en in die Rapporte van Onderzoek oor Tegniese onderwys word dit beklemtoon dat aansluiting gesoek moet word tussen die skoolafdeling en die werkswinkel. Hierdie korrelasie - as dit bestaan - sal eerstens moet gevind word tussen die skoolafdeling se eksamenvakke as sodanig en die verskillende ambagte, en tweedens kan dan aansluiting gesoek word tussen die werkswinkel en skool deur die onderrigmetode. Ons stel ons op die standpunt dat korrelasie in albei gevalle, miskien meer in die eerste en minder in die tweede, hoewel die een die ander beïnvloed, bemoeilik word deur die eksamenstelsel of -vereistes en ontbrekende fasiliteite aan die Hoër Tegniese Skool.

2. Probleemstelling.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, word die leerling geen keuse gelaat nie, en hy moet byvoorbeeld vir die Nasionale Tegniese Std. VII-Sertifikaat wat die skoolafdeling betref, die vakke Afrikaans, Engels, Matesis, Natuurwetenskap en Tekene kies. As mens die skoolvakke so opnoem, lyk dit of die vakke pragtig by die werkswinkel behoort te pas, dat hulle onontbeerlik is vir die ambagsman. Laat ons egter die volgende vraag stel: Van watter waarde is Matesis of Natuurwetenskap of Tekene of al drie (soos verwag volgens die respektiewelike sillabusse) nou eintlik vir byvoorbeeld die Kleremaker, of Matesis of Natuurwetenskap of albei vir die Wamaker of Skrynwerker of Meubelmaker? En tog bly hierdie sillabusse dieselfde vir die Kleremaker,

Wanaker, Skryfwerker of Meubelmaker terwille van uniformiteit by die eksamen; m.a.w. al die leerlinge van die verskillende ambagte wat werk vir dieselfde sertifikaat, volg dieselfde sillabus van elke skoolvak. Maar laat ons voorlopig aanneem dat hierdie vakke tog geregeerd kan word, dan sal dit alleen kan geskied mits die betrokke sillabusse sodanig gewysig word dat dit beter pas by die ambagte aan die Hoër Tegniese Skool as die leerling dan verplig word om dit te neem.

Hier lê dus nog 'n wye veld vir ondersoek oor, al, in hoeverre die Hoër Tegniese Skool sigself geregeerd; m.a.w. kan daar nie vir hierdie skole, wat hoofsaaklik die platteland van ambagsmanne moet voorsien, 'n eie leerplan en gepaste sillabusse ongestel word nie?

Op die oomblik gee die Tegniese Kolleges die toon aan by die leerplansamestelling, en waar hulle hoofsaaklik voorberei vir die nywerhede van die stede en gevolglik leerlinge trek vir ander ambagte as die wat op die platteland byval vind, mag die bestaande kursusse en sillabusse beter aan hulle doel beantwoord.

Om die huidige posisie beter toe te lig, sal 'n paar voorbeelde gekies word. Neem die Kleremaker (in ambag vir die platteland) en die skoolvakke: Natuurwetenskap, Matesis en Tekene. Selfs al word die sillabus gewysig, kan Natuurwetenskap as sodanig beswaarlik as onderwysvak vir die Kleremaker geregeerd word. Hoekom word nie liever in die plek gestel Boekhou of Pesigheidsmetodes nie? In die huidige Matesissillabus word vir die Nasionale Tegniese Std. VII-Sertifikaat o.a. voorgeskryf die optel, aftrek, vermenigvuldig en deel van algebraïese uitdrukkinge, faktore, vergelykings ens., wat eensins met die genoemde ambag in verband gebring kan word nie. Hoekom nie liever meer nadruk

lê op die berekening van die koste, ens. van verskillende vervaardigde werkstukke nie? Die huidige Tekenesillabus vir dieselfde sertifikaat verg o.a. die konstruksie van vlakfigure, ortografiese tekene, isometriese tekene, skaaltekene, ens., terwyl die Tekene van die Kleremaker eintlik bestaan uit vrvhandsketse. Daar kan natuurlik aangevoer word dat in die Tekeneklas die Nodige vaardigheid in die hantering van tekengereedskap en akkurate meting verkry word, wat dan oorgedra word na die werkwinkel. Die doel van hierdie vak is volgens die Handboek (bl. 87) om die grondbeginsels van Tekene van alle ambagte te lê, maar dit bly 'n feit dat dit (Praktiese Meetkunde of Masjientekene tot 'n groter mate) nie vir alle ambagte van eweveel waarde is nie.

Die slotsom is dat daar vir sekere ambagte sekere verpligte skoolvakke gestel word en dat hierdie vakke so ver weg staan van hierdie ambagte dat dit beswaarlik kan verwag word dat die betrokke leerlinge in die vakke sal geïnteresseerd wees en die nodige belangstelling sal toon. Natuurlik het hierdie vakke as sodanig, hul akademiese waarde, maar aan die anderkant moet onthou word dat hierdie leerlinge 'n tegniese opleiding gekies het bo 'n akademiese.

3. Oplossing.

Die ideale posisie vir korrelasie tussen skoolvakke en ambagte sal dan wees dat vir elke ambag geskikte skoolvakke gekies word. Die huidige posisie is dat die voorgeskrewe vakke vir die meeste hoewel nie vir al die ambagte nie geregverdig kan word,¹⁾ maar ons voel tog dat in hierdie geval die minderheid nie onder die meerderheid mag ly nie. Om die gewenste posisie te bewerkstellig sal beteken 'n wver keuse in die leer-

1) Hier word gedink aan die vakke as sodanig en nie aan die sillabusse nie.

plan, wat voorsiening maak vir gepaste skoolvakke vir daardie ambagte wat ons onder die minderheid gegroeper het, en verder dat die sillabusse van die bestaande geregeerde skoolvakke so gewysig word dat dit beter by die ambagte pas, byvoorbeeld daar moet opgestel word matesisleerplanne vir Smede, Loodgieters, Messelaars ens.; tekeneleerplanne vir Smede, Loodgieters, Messelaars ens; natuurwetenskap-leerplanne virens.

Voordat ingegaan word op die versiere voordele van korrelasie by so'n indeling en rangskikking, moet eers gekyk word na die praktiese uitvoerbaarheid van die voorstel. Dit sal beteken, om 'n paar konsekwensies te noem, dat die uniformiteit van die huidige eksamenstelsel verbreek sal word, die beskikbaarstelling van die nodige fasiliteite, byvoorbeeld ekstra leerkragte of die sentralisering van die skole of sekere sentra waar in sekere ambagte gespesialiseer word. Eintlik is dit net 'n uitbreiding van die werking van die eksamenstelsel en sal die gebruik van een eksamenvraestel van 'n bepaalde vak vir al die ambagte vervang moet word deur aparte vraestelle oor die bepaalde vak vir die verskillende ambagte. In die spesialisering van ambagte sal dit beteken minder ambagte per skool maar meer leerlinge per ambag. By so'n reorganisasie sal die klasindeling in die skool kan gedoen word volgens die ambagte en die sertifikate waarvoor voorberei word i.p.v./volgens die vaksuksesse, soos tans.

Hoe dit beter korrelasie in die hand sal werk, sal spoedig blyk. Die leerlinge word tans geklassifiseer volgens die sertifikaat waarvoor voorberei word. So byvoorbeeld word die nuwe leerlinge gegroeper as die klasse wat voorberei vir die eerste tegniese sertifikaat, nl. die Nasionale Tegniese Std.VII-Sertifikaat. Volgens

intelligensietoetse word die beginners verder ingedeel in een of meer die gewenste aantal vir klasonderried. Na 18 maande word eksamen vir die eerste sertifikaat afgelê deur die leerlinge wat bekwaam geag word. (In Afrikaans en Ambagsteorie word egter gewoonlik na 'n jaar eksamen afgelê). Soos reeds gemeld, geskied die toekenning van die sertifikaat op grond van vaksuksesse. Die onsuksesvolle leerlinge, wat nie in die vereiste aantal vakke vir die sertifikaat kon slaag nie, vorm dan weer 'n klas, terwyl die suksesvolle leerlinge gegroepeer word en voorberei vir die volgende, die Nasionale Junior Tegniese Sertifikaat. Volgens hierdie indeling blyk dit dus duidelik dat daar in elke skoolklas leerlinge van al die verskillende ambagte sit. Weens die huidige eksamenstelsel en leerlingsterkte van die verskillende ambagte is dit nie moontlik om die klasindeling te laat plaasvind volgens die vaksuksesse en die ambagte nie. As dit wel kan gebeur (soos hierbo aan die hand gedoen), sal dit beter korrelasie tussen die skool en werkswinkels bewerkstellig. Neem byvoorbeeld 'n vak wat vir elke ambagsman noodsaaklik is, nl. taal (vgl. afdeling C hoofstuk II). Vir behandeling in die klas kan die taalonderwyser dan boeke kies wat in direkte verband staan met daardie bepaalde ambag, en al sy voorbeelde, opstelle, briewe ens. dienoreenkomstig inrig.

As korrelasie nou bestaan, behoort dit gemeet te kan word. Die probleem word nou meer gesien van die kant van die leerling as van die leerplan as sodanig, en derhalwe word net daarna verwys.

Die vrae doen sig nou voor: As die leerling se werk in verband met/^{sv} ambag goed is, presteer hy ook goed in die skool? Of as hy swak is met betrekking tot/^{sv} ambag, is die skoolprestasie ook swak?

Uit ervaring beantwoord ons hierdie vraag bevestigend. Daar is natuurlik ook gevalle waar die leerling goed presteer in die skool maar swak vorder in die ambag of omgekeerd. Die vraag is nou of die skool die leerling kan help om beter te vorder in sy ambag. Onder "ambag" word hier ook ingesluit die Ambagsteorie. Indien dit die geval is, behoort die korrelasiekoëffisiënt van die vakke, bv. Ambagsteorie en Tekene, met die formule $r = \frac{\sum xy}{\sqrt{\sum x^2 \sum y^2}}$ verkry te kan word.

4. Samevatting.

Die slotsom is dat onder die huidige leerplansamestelling daar sekere verpligte vakke is vir sekere ambagte wat beswaarlik korrelasie in die hand kan werk. Onder hierdie omstandighede moet onder korrelasie tussen die ambagswinkel en die skoolafdeling die volgende verstaan word. Die skoolvakke (ook die minder gepastes vir sekere ambagte) het hulle akademiese waarde. So sê McKerron:¹⁾ "We have yet to learn that a subject, which gives a true perspective, a sane outlook on life, may be of the greatest practical utility," of op bladsy 117: "A subject, of which the practical utility cannot easily be demonstrated may be extremely valuable in that it moulds the character and outlook of the educand." Om die kind te laat belangstel in hierdie vakke moet dit sover moontlik in verband gebring word met sy ambag. So byvoorbeeld kan die leerlinge wat nie in Matesis geïnteresseerd is nie, gevra word om sekere van die probleme uit bv. die Smidswinkel op te los. Dit is voor die hand liggend dat daar egter die nouste samewerking tussen die onderwyser en die instrukteur moet wees.

1) McKerron: "History of Education in South Africa," bl. 83.

Die onderwyser sal gedurig die instrukteur moet raadpleeg om vas te stel hoe hy die beste die werk in die werkswinkel kan aanvul, en omgekeerd moet die instrukteur nie op eie houtjie sy metodes in die oplossing van probleme gaan verkondig as die enigste en beste nie. So kan die werk miskien ook gekontroleer word sodat wanneer die betrokke instrukteur byvoorbeeld besig is met die bepaling van die omtrek van wiele, die matesisonderwyser terselfdertyd sirkels kan behandel, en min of meer dieselfde metode of formules gebruik. So kan nog tal van voorbeelde aangehaal word uit elke vak, en die groot doel is dan om die skoolwerk nader aan die praktyk te bring. Die hele onderwysmetode in so'n tegniese inrigting kom dan hierop neer, om die woorde van W.J. Horne te gebruik: ¹⁾ "The principle underlying the method of teaching is that..... practical work should come first, and the discussion of and deduction from results should come second."

Die onderwyser moet nooit uit die oog verloor nie dat hy altyd sover moontlik moet poeg om sy voorbeelde uit die werkswinkel te haal - die leerling moet leef in die ambag wat aan hom geleer word.

Die taalonderwyser is besig om te verduidelik hoe 'n opstel geskryf moet word. Laat ons nou sy spesiale metode van opstel skryf as sodanig buite rekening laat en net let op die mate waartoe hy sy voorbeelde uit die werkswinkel sal kan trek. Eerstens sal hy 'n onderwerp kies wat betrekking het op die ambag, byvoorbeeld: "Hoe ek my eerste artikel vervaardig het." Nou word die leerling daaraan herinner dat in die werkswinkel sy instrukteur daarop wys dat 'n artikel nie kan vervaardig word as daar nie eers vooraf 'n plan geteken word nie.

1) W.J. Horne: "Report: Transvaal Educ. Depart.," 1916, bl. 96.

Hy sal hier ook volgens 'n skema moet werk. Daarop volg dat hy nou die nodige materiaal vir 'n artikel moet bymekaar maak. By die skrywe van 'n opstel word eers al die los gedagtes neergeskryf. Nou volg die verwerking van sy materiaal: elke aparte deeltjie word gemaak. Die leerling konstrueer nou geskikte sinne wat sy gedagtes weergee; die ongeskiktes, die "afval-hout", word weggegooi. Nou moet die afgewerkte dele van die artikel inmekaar gevoeg word om een produk, die gewenste artikel, te lewer. Die opstel-skrywer gaan nou sy voltooide sinne so rangskik dat die logiese verband duidelik blyk en een afgeronde geheel vorm. Daar kan verder ook nog op gewys word dat hoewel almal in die werkswinkel miskien besig was om dieselfde soort stoel te maak, al die stoele tog nie presies eeniers sal lyk nie. So sal in elke opstel ook daardie eienskappe ontdek word wat 'n eie persoonlike kleur dra. Die leerling kan selfs versoek word om sodanige artikels in die werkswinkel te gaan ondersoek om die waarheid van die bewering te staaf. Op so 'n wyse word dan gepoog om 'n hegte kontrak tussen die skool en die ambagte te bewerkstellig en te behou.

Ook die eksaminator verloor nie hierdie belangrike aspek uit die oog by die opstel van sy eksamenvraestel nie. As voorbeeld word in Bylae B 'n Engelse vraestel vir die Nasionale Tegniese Std. VII-Sertifikaat bygevoeg wat terselfdertyd as voorbeeld kan dien om die standaard te bepaal wat van die B- taal tegniese Std. VII-leerling verwag word.

Langs hierdie weg word dan gedurig gepoog om korrelasie te bewerkstellig om sodoende die nodige belangstelling by die leerling te wek en die taak van die onderwyser aan die Hoër Tegniese Skool te veraangenaam.

HOOFSTUK III.AANSLUITING EN ADMINISTRASIE.1. Inleiding.

Waar ons in die voorgaande hoofstukke stilgestaan het by die aard van die verskillende tegniese sertifikate wat aan die Hoër Tegniese Skool verwerf kan word, sal ons in hierdie hoofstuk nagaan in hoeverre hierdie nuwe leerstof aansluit by en bou op bestaande kennis, m.a.w. in hoeverre die provinsiale laerskoolkursus aansluit by die leerplan van die Hoër Tegniese Skool. Hierdie dienende probleem sal ons ook lei tot die kwessie van organisasie en administrasie.

Die innerlike sowel as die uiterlike funksie van die onderwys moet in integrale eenheid vorm; tussen die verskillende vertakkinge van die onderwysstelsel moet in harmoniese aaneenskakeling bestaan om te kan vol-¹⁾doen aan die verwagtings van die betrokke volk. Die doeltreffende organisasie van en koöperasie tussen die verskillende beherende liggame sien ons as die uiterlike funksie van die onderwys, en die aansluiting tussen byvoorbeeld die laerskool en die middelbare skool en middelbare skool met hoër onderwys as die innerlike funksie. Hierdie tradisionele driehoekverbinding vorm die hoofdeel van die strukturele organisasie van ons onderwysstelsel. Onder die swaartse uitbreiding van die tradisionele driehoek sal die tegniese onderwys resorteer, of soos die Transvaalse Direkteur van Onderwys dit gestel het: "Trade schools bridge the gap between the completion of the primary course and the beginning²⁾ of the trade apprenticeship."

1) Vgl. E.G. Malherbe: "Education in South Africa."

2) "Report : Transvaal Educ. Depart.," 1921, bl. 23.

Nou sal moet nagegaan word wat die doel en funksie van die laerskool is om sodoende te bepaal in hoeverre die leerplan voorsiening maak vir die leerling wat 'n tegniese rigting wil volg, m.a.w. of daar 'n hande-arbeidskursus is en wat die waarde daarvan is, of daar beroepsvoorligting, aanleënasporing ens. is - almal faktore wat die mate van sukses van die leerplan van die Hoër Tegniese Skool kan bepaal.

2. Laerskoolleerplan.

(a) Hande-arbeid.

Wat die laerskoolleerplan betref, word die sogenaemde instrumentele vakke onderwys en gefeeltelik aangewend, en daar word ook gelet op die gesonde ontwikkeling van die liggaam. Waar moontlik word ook plek ingeruim vir hande-arbeidsklasse. Die waarde van die klasse word mooi saamgevat deur die Organiseerder van Tegniese Onderwys vir Transvaal.¹⁾ "By manual work a boy is taught to think clearly towards an end believed by him to be useful. It is a training in co-ordination between hand and eye through manipulative exercise dealing with the general principles involved in the use of tools, the methods of working materials, and the making of constructional drawings in such a way as to train the intelligence and develop the character of the pupil. It aims at giving mastery over tools, materials and methods as well as a general practical dexterity which will be useful in any walk of life that the pupil may follow. The result of such teaching is a strengthening of the intelligence, character and productive activity of the pupil; manual training has therefore both an educational and an utilitarian side."

²⁾ Dan kom hy tot die gevolgtrekking dat die seun wie se

1) Horne: "Trade Schools in Transvaal", bl. 83-89.

2) Idem. bl. 83.

hand en oog geopen^{et} is deur hande-arbeid, wat onderrig ontvang het in elementêre gereedskapwerk en hande-aktiwiteit om te werk en te teken volgens akkurate meting, is klaarblyklik beter voorberei vir onderrig in ambagsprosesse, as die leerling wat nie die onderrig gehad het nie. Hierdie onderrig kan beskou word, van die utilitaristiese oogpunt, as voorbereiding tot ambagsonderrig en is noodsaaklik voordat onderrig ontvang word in ambagsprosesse en -metodes.¹⁾ Die leerplan van die laerskool in Transvaal skryf voor dat: "by skole, waar daar fasiliteite vir die onderrig van Huisvlyt en Hout-en-Metaalwerk is, sal dit verpligtend wees vir alle leerlinge in Std. VI (VII en VIII) om een van hierdie twee vakke te neem. (Huisvlyt vir die meisies)."

Wat is hierdie fasiliteite, en waar bestaan hulle wel? Is dit die nodige aantal leerlinge wat dan weer die nodige uitrusting regverdig? Indien so, dan sal die fasiliteite beskikbaar wees by die groot dorpskool en miskien by die meeste gesentraliseerde plaasskole. Maar wat gebeur by die klein plaasskool? Hierdie vraag word met opset gestel, want watter voordeel sal die Hoër Tegniese Skool uit hierdie praktiese vakke van die laerskool kan trek as die grootste persentasie van die leerlinge vir die tegniese inrigting getrek word van die platteland (die gewone plaasskool)? Dit wat Hout-en-Metaalwerk betref.

(b) Beroepsvoorligting.

Wat is nou verder die posisie omtrent beroepsvoorligting in die laerskool? Die kwessie van beroepsvoorligting is 'n aanhoudende proses wat behoort te begin in die dae wanneer die kind die eerste tekens van intellektuele en handvaardigheidsneigings en -begeerthede wys en wat dan oor die kritieke tydperk van beroepskeuse en beroepsopleiding

1) Volgens die betrokke Handboek.

moet lei tot die tyd wanneer die kind in 'n bepaalde beroep moet geplaas word.¹⁾ Is die leerplan reeds te oorlaai sodat daarvoor nie voorsiening gemaak kan word nie? Moet dan nie verbaas wees nie as die seun aangeraai word om na die Hoër Tegniese Skool te gaan omdat hy "so lief is vir houtwerkies" (asof dit die enigste ambag is wat daar onderrig in gegee word), of as die leerling sy verskynning maak in die salige onkunde dat hy nou uitsluitlik 'n ambag gaan leer en klaar is met die skool.

(c) Gevolgtrekkinge en probleemstelling.

Die slotsom waartoe ons geraak, word gegee in die woorde van E.G. Malherbe:²⁾ "There are, however, two features in our system which have in the past made it practically impossible for the South African adolescent to get a real education. I refer in the first place to the artificial dualism between the so-called cultural and the vocational education, a dualism which has in this country been accentuated by a further dualism of administrative control." In hulle ywer om vir die universiteit voor te berei steun die laer- en middelbare skool mekaar in hul harsingsgimnastiek en besou die Hoër Tegniese Skool as die aangewese aflaaiplek van die minder intellektuele leerling. Maar vergeet dat hierdie tipe leerling net so min 'n sukses sal kan maak van die tegniese kursus insoverre dit die skoolwerk betref (vgl. Afd. C., Hoofstuk I (b)). 'n Gedeeltelike regverdiging van so 'n handelwyse kan gesoek word uit die feit dat volgens M.L. Fick³⁾ in die praktyk 'n mens geforseer word, al word ook watter teorie omtrent intelligensie aanvaar, om twee tipes wat

1) F.J. de Villiers: "Tydskrif vir Wetenskap en Kuns," Sept. 1944, bl. 20.

2) E.G. Malherbe: "Education and the Poor White", "Journal of Science," Vol. 26 (1929), bl. 899.

3) M.L. Fick: "Journal of Science," Vol. 26 (1929), bl. 905.

baie duidelik te voorskyn tree, te erken as daar so baie gevalle voorkom waar kinders in besonder geringe aanleg toon vir skoolwerk en tog baie suksesvol is in beroeps-kundige werk. (Beroepsonderwys sluit natuurlik ambagsopleiding in, en ons neem aan dat laasgenoemde hier van toepassing is.) Ons noem dit in "gedeeltelike regverdiging," want tensv die betrokke leerling in sy skoolvakke kan slaag, sal hy geen tegniese sertifikaat kan verwerf nie en word hy in ambagsman wat vandag eintlik nie meer bestaan nie. Van in "ambagsman" word vandag veel meer verwag as net hande-arbeid: hy moet instaat wees om die verskillende probleme wat in sy ambag opdoem op in intelligente wyse op te los. "Daar is soms weinig verskil tussen die ambagsman en die tegniese- geskoolde man. In die ingenieursbedryf veral, waar moderne masjienerie al hoe meer in gebruik geneem word, neem die min of meer suiwer masjienwerk s6 sterk toe dat mouliks 25 persent van die werkers in die werklike sin van die woord nog ambagsmanne is." ¹⁾

Wat die tweede leemte in ons onderwysstelsel betref, nl. die tweeledige administratiewe beheer, vind ons die volgende. Die laer- en middelbare onderwys word toevertrou aan die Provinsiale Onderwysdepartemente, en die beroepsonderwys is in die hande van die Unie- Onderwysdepartement. (In sekere provinsiale skole word ook snelskrif, tikskrif, boekhou, huishoudkunde geleer.) In 'n uiteensetting, gelees op 1 Augustus 1929 in Johannesburg deur die Sekretaris van Onderwys, dr. S.F.N. Gie, ²⁾ wys hy daarop dat die tweeledige beheer oor onderwys in

1) Dr. M.L. Prinsloo in "Die Brandwag," 21 Des. 1945, bl. 19.

2) Dr. Gie: "Vocational versus other education in South Africa," "South African Journal of Science, Vol. XXXI, Des. 1929, bl. 877-8.

Suid-Afrika sowel op die provinsiale as op die uniale inrigtings stremmend gewerk het. Toe byvoorbeeld die ambagskole in 1925 deur die Unie- Onderwysdepartement oorgeneem is, is 'n beleid gevolg wat die oprigting van meer sodanige skole beoog het veral op die plattelandse dorpies. Terselfertyd is die Provinsiale Onderwysdepartemente aangespoor om meer beroepskundige vakke in hulle kurrikula in te sluit. Die probleem wat toe ontstaan het, was die van duplisering, nl. die totstandkoming van naastenby dieselfde tipe skool in dieselfde omgewing onder twee verskillende departemente. Das uit die staanspoor was daar al moeilikheid.

3. Oplossing.

Hier het ons dan die probleem gestel. Nou moet 'n oplossing gesoek word, 'n oplossing wat aan die kind reg sal laat geskied, wat nie sal lewer 'n onbekwame Dokter of 'n seun van twaalf ambagte en dertien ongelukke nie! Die dubbelslagtigheid is die vlieg in die salf, en die oplossing is voor die hand liggend. Ons wil, om dit breed te stel, 'n sentrale onderwysbeheer hê, en die laerskoolkursus moet meer beroepskundig wees. "It will be agreed that broadly speaking all cultural education, so-called, should also be vocational and all vocational education so-called, also cultural, and that it is fundamentally unsound and injurious to both types to separate them widely."¹⁾

Nou moet verder gedink word aan die uitvoerbaarheid van die oplossing. Of beroepsonderwys teruggegee moet word aan die provinsiale departemente, is nie 'n uitgemaakte saak nie. Toe hierdie vertakking van die

1) Dr. Gie: "S.A. Journal of Science," Vol. XXXI, Des. 1929, bl. 878.

onderwys deur hulle behartig is, kon verskeie verwyte na die oornamse hulle toegewerp word.¹⁾ Al sou die provinsies die vakskole nou beter beheer as voorheen (wat nog nie beteken dat dit beter sal wees as onder die huidige beheer nie), bring dit ons nog niks nader aan ons oogmerk nie. Daar sal wel beter samewerking tussen die gewone skool en die vakskool in die afsonderlike provinsies kan wees, maar van 'n eenvormige stelsel van onderwys kan daar geen sprake wees nie, omdat daar lan nog vyf verskillende departemente elk met sy eie onderwysstelsel sal wees, naamlik die vier provinsiale onderwysdepartemente en die Unie-Onderwysdepartement (met nywerheidskole, verbeteringsgestigte, hulpskole ens.). In Feit wat egter vasstaan, is dat ~~tegniese-en~~ beroepsonderwys die verantwoordelikheid van die sentrale regering is. Om net 'n paar redes te noem: die sentrale regering is verantwoordelik vir die nywerheidsontwikkeling en behoort dus ook vir die opleiding tot die handel en nywerhede te sorg. Daar is gedurende wisselwerking tussen aanvraag in die nywerhede en aanbod van die kant van die werknemers op die arbeidsmark; die sentrale regering het die swaarste beurs en is gevolglik beter in staat om beroepsonderwys, wat baie duur is, te beheer; wetgewing ten opsigte van vakopleiding in die nywerhede word deur die sentrale regering gemaak, en daarom behoort vakopleiding ook die werk van die sentrale regering te wees.

Sedert die Unie-Onderwysdepartement in 1925 die vakskole oorgeneem het, is daar groot verbetering te bespeur in die status van die skole, geboue, masjinerie en ander uitrusting, beheer oor uitrusting, opleiding ens.²⁾

1) "Werk", No 53, bl. 5 - 9.

2) Vgl. W.J. de V. Prinsloo: "Die Huisgenoot", - "Vyftigste Jaar Beroepsonderrig" 21 September 1945.

Gok uit die "Geskiedenis van die Leerplanne" (Afd. A, ¹⁾ Hoofstuk II en III) blyk dat die tegniese skole 'n grondiger en wetenskapliker opleiding ingevoer het. Tegniese opleiding moet tred hou met industrialisering, en hoewel daar vanaf die oornamse snelle vooruitgang was, moet ook terselfdertyd gevra word of die regte pas gehandhaaf is. Met betrekking tot hierdie vraag is die Uniale beheer nie vry te spreek van kritiek nie; intendeel, beroepsonderwys in ons land verkeer op die oomblik in 'n taamlike harwar. ²⁾ 'n Kommissie van Onderzoek onder De Villiers is egter aangestel om verslag te doen oor die saak, maar te oordeel na die opdrag van die Kommissie is dit duidelik dat 'n eenvormige onderwysstelsel nie daarby inbegrepe is nie. Tog hoop ons dat hierdie ondersoek mag lei tot die skepping van 'n sentrale onderwysstelsel, 'n Nasionale Onderwysraad wat op breë grondslag 'n nasionale onderwysbeleid kan vasstel.

So 'n Nasionale Onderwysraad sal dan in staat kan wees om die volgende aanbevelings (gesien van die kant van aansluiting tussen die laerskool en die Hoër Tegniese Skool) te oorweeg. Elke deskundige onderwyser en opvoedkundige weet dat al die nodige instrumentele bekwaamhede verwerf word reeds gedurende die eerste ses skooljare, sodat die normale leerling na afloop van die vierde standaard die vereiste voordeel uit die laer onderwys verkry het. Na die vierde standaard leer die kind eintlik geen nuwe "instrument" aan nie, en die onderwys in std. V en VI bestaan uit nie veel meer as net gevorderde oefening in die reeds verwerfde vakke nie. ³⁾ Belangstelling in die "ou werk" kan dus rede-

1) Dit geld eintlik net vir Potchefstroom: Middelburg en Wolmaransstad is onder uniale beheer gestig.

2) Dr. M.J. Prinsloo: "Ons Beroepsopleiding Skreiende Harwar," "Die Brandvrag," 21 Des. 1945.

3) Prof. J.C. Coetzee: "Tydskrif vir Middelbare Onderwys." Sept. 1939.

likerwyse nie verwag word nie. Die belangstellinge moet altyd so gelei en ontwikkel word dat dit ooreenstem met elke nuwe fase in die kind se lewe. Wat ons dus nou wil hê, is dat in std. V daardie belangstellinge of aanleg duidelik nagespoor sal word; dat daar volle gebruik sal gemaak word van beroepsvoorligting; dat daar die regte sifting sal plaasvind. Die kind wat nou 'n tegniese opleiding begeer en aanleg daarvoor toon, gaan na std. V na die Hoër Tegniese Skool vir 'n verdere keuring voordat hy toegelaat word om die betrokke kursus te volg. Diegene wat na die aanleg- en intelligensietoetsing nie geskik bevind word nie, kan dan aanbeveel word na "spesiale ambagskole", wat moet opgerig word met die doel om op te lei vir gewone fabriekswerkers. 'n Spesiale kursus kan ingestel word om die skool aan sy doel te laat beantwoord. Dit sal verder beteken dat die kursus aan die Hoër Tegniese Skool verleng sal word van drie na vier jaar. Die std. VI-leerling aan die tegniese inrigting sal 'n voorbereidende kursus tot die eerste tegniese sertifikaat deurloop met meer nadruk op die teorie as die praktyk. Die volgende jaar sal hy dan ook fisiek geskik wees vir 'n intensiewer praktiese opleiding plus die akademiese onderrig.

In die volgende Afdeling sal verdere gevolgtrekkinge gemaak en suggesties aan die hand gedoen word.